# PRO VERITATE

*DIE ALGEMENE CHRISTELIKE KERK*

*DAVID PERK*

Traditionalism and adaptation in Israel

*ANDRÉ HUGO*

Christenburgers vir die 21ste eeu

*E. A. DU PLESSIS*

Sexuality is a moral issue

By die Hoofposkantoor as Nuusblad geregistreer
Registered at the Post Office as a Newspaper

*Volume VIII No. 6 / Jaargang VIII Nr. 6 October 15 Oktober 1969*

# PRO VERITATE

**CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA**

**CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA**

## IN HIERDIE UITGAWE . . .


- In 1937 het 'n teologiese professor van die Ned. Geref. Kerk 'n ernstige pleit gevoer vir die ekumeniese beweging van ons tyd. Bl. 3
- David Perk bespreek die waarde en betekenis van die godsdienstige tradisie in die huidige Israel. Bl. 6
- Prof. A. M. Hugo dui die riglyne aan vir 'n verantwoordelike opvoeding van ons kinders tot burgers van die 21ste eeu. Bl. 8
- 'n Werkstuk van eerw. John de Gruchy vir die seksie „Kerkvernuwing" van die onlangse Al-Afrika Kerkekonferensie te Abidjan, oor die struktuur van die kerk vir 'n nuwe tyd, verskyn op Bl. 10
- Mnr. E. A. du Plessis bespreek die Suid-Afrikaanse wetgewing oor seksuele verhoudings tussen blankes en nie-blankes Bl. 12
- Prof. B. B. Keet vertel o.m. van die teenswoordige diskussie in teologiese kringe oor die vraag of die Christendom suiwer „religieus" en of dit 'n sosiale Christendom moet wees. Bl. 14
- Vr. L. Balink, Rooms-Katolieke priester te Viljoenskroon, O.V.S., konfronteer ons selfgemaakte Christus met die Christus van die evangelie. Bl. 15


## IN THIS ISSUE . . .


- In 1937 a theology professor of the Dutch Reformed Church earnestly pleaded in favour of the ecumenical movement of our time. P. 3
- David Perk discusses the value and significance of religious tradition in modern Israel. P. 6
- Prof. A. M. Hugo gives an outline of our responsibility of educating our children to be citizens of the 21st century P. 8
- A working paper by the Rev. John de Gruchy prepared for the section on the Renewal of the Church at the Abidjan Assembly of the All Africa Conference of Churches, 1969, on structuring the Church for a new age, appears on P. 10
- Mr. E. A. du Plessis discusses the South African legislation on sexual relationships between whites and non-whites P. 12
- Prof. B. B. Keet tells, inter alia, of present discussions in theological circles on the question whether Christian faith should be purely religious or social. P. 14
- Fr. L. Balink, Roman Catholic priest at Viljoenskroon, O.F.S., challenges the Christ of our making with the Christ of the gospels. P. 15



### REDAKSIE

*REDAKTEUR:*
*Dr. B. Engelbrecht.*

*REDAKSIONELE KOMITEE:*
*Biskop B. B. Burnett; Eerw. J. de Gruchy; Eerw. A. W. Habelgaarn; Eerw. E. E. Mahabane; Eerw. J. E. Moulder; Ds. C. F. B. Naudé, (Voorsitter); Prof. dr. A. van Selms.*

### ADMINISTRASIE/ KORRESPONDENSIE

*SIRKULASIEBESTUURDER:*
*Dr. W. B. de Villiers.*

*Alle briewe vir die redaksie en administrasie aan: Posbus 31135, Braamfontein, Johannesburg.*

### INTEKENGELD

*Intekengeld is vooruitbetaalbaar.*

*Land- en seepos: R1 (10/- of $1.40) — Afrika; R1.50 (15/- of $2.10) — Oorsee; 17/6 — Engeland.*

*Lugpos: R2.00 (£1 of $2.80) — Afrika; R3.50 (£1.17.6 of $5.00) — Oorsee; £2 — Engeland.*

*Tjeks en posorders moet uitgemaak word aan Pro Veritate (Edms.) Bpk., Posbus 31135, Braamfontein, Johannesburg.*

### LET WEL

*Die redaksie van Pro Veritate verklaar dat hy nie verantwoordelik is vir menings en standpunte wat in enige ander artikel van hierdie blad verskyn as die inleidingsartikel en redaksionele verklarings nie.*

*PRO VERITATE verskyn elke 15de van die maand.*

*(Prys per enkel-eksemplaar 10c)*

Gedruk deur Prompt Drukpers (Edms.) Bpk., Harrisstraat 11, Westgate, Johannesburg.

**INLEIDINGSARTIKEL—**

# Die Kleurlinge se Keuse en Christelike Politiek

Hoe die uitslag van die onlangse verkiesing van die Verteenwoordigende Kleurlingraad ook al geïnterpreteer mag word, daar kan in alle eerlikheid tog net een gevolgtrekking uit gemaak word. Dit is dat die oorwinning wat die Arbeidersparty by die stembus behaal het, 'n duidelike „nee" beteken van die kant van die Kleurlingbevolking vir die gedagte dat hulle eie heil, en daarmee die heil van gans Suid-Afrika, geleë sou wees in 'n politiek wat ons landsbevolking verdeel in aparte, eksklusiewe en teenoormekaarstaande nasionalismes.

Tog staan 'n mens verstom oor die manier waarop blanke nasionalistiese politieke skrywers die onloënbare feite, met 'n onbeskaamde brutaliteit teenoor die waarheid, presies die teenoorgestelde laat sê as wat dit klaarblyklik sê. Daar is selfs van hierdie nasionaliste wat die Arbeidersparty dit met uitgesprokenheid kwalik neem dat hy as party bestaan. Aangesien die Kleurlingraad kragtens sy daarstelling en uit die aard van sy bestaan 'n apartheidskepping is, word dit beskou as 'n teenspraak in sigself dat daar ook 'n party kan wees wat die hele gedagte van apartheid verwerp. Nog ernstiger word hierdie anomalie deur die feit dat hierdie party verreweg die grootste steun vanuit die Kleurlingbevolking ontvang het, en op grond daarvan daarop aanspraak gemaak het dat in die benoeming van 20 lede vir die Raad deur die blanke regering, hiermee rekening gehou moes word.

So 'n vertolking van die feite is natuurlik, vanuit 'n Christelik-etiese oogpunt gesien, uiters bedenklik. Eerstens is die ontkenning van die waarheid altyd presies aan die leuen gelyk. Tweedens ontsê dit mense wat ook 'n eie mening daarop nahou, die reg om hierdie mening uit te spreek. Derdens maak dit van die gedagte wat aan die bestaan van politieke partye ten grondslag lê, 'n klug deur van die veronderstelling uit te gaan dat, aangesien die Kleurlingraad 'n uitvloeisel van die apartheidspolitiek is, dit aan alle Kleurlinge die verpligting oplê om pro-apartheid te wees. Gewetensdwang, in watter vorm ook al, is nie slegs 'n vergryp teen die grondgedagte van die demokratiese partye-stelsel nie, maar in sy wese is dit onchristelik. Sou hierdie nasionalistiese politieke skrywers, wat hulleself ook Christene noem, nou werklik verwag dat gewetensvryheid die prys is wat ons Kleurlinge bereid moet wees om te betaal vir die reg om te stem terwyl hierdie stemreg wat aan hulle gegee is, boonop nog daarop bereken is om hulle permanent uit te sluit van medeseggenskap in die sentrale regering van ons land? Dit is immers al erg genoeg dat die blanke regering met sy voorbehoud om self 20 van die 60 lede van die Kleurlingraad te benoem, 'n voorsorgmaatreël getref het om te verseker dat, hoe die Kleurlinge self ook mag voel, sy beleid deur hulle gevolg sal word.

Dat die uitslag van hierdie verkiesing vir die blanke nasionaliste 'n ontnugtering was, laat hulle self maar net duideliker blyk hoe meer hulle dit probeer wegpraat en verdoesel. Tog is die duidelike keuse van die Kleurlinge iets waaroor Suid-Afrika dankbaar behoort te wees. Pleks van om dit te interpreteer soos wat die blanke nasionaliste dit graag wil interpreteer, sou dit tog veel verstandiger wees om ag te gee op die ernstige vraag wat daarmee deur 'n nie-blanke bevolkingsgroep van gedugte betekenis op hierdie tydstip aan Suid-Afrika gestel word. Dit is nl. die vraag of daar ooit enige goed vir ons land kan voortkom uit 'n politiek wat hom dit ten doel stel om binne dieselfde landsgrense 'n aantal eksklusiewe nasionalismes te kweek. Dit is tog ongelooflik naïef om te verwag dat so 'n politiek tot 'n vreedsame saambestaan en naasbestaan van die verskillende bevolkingsgroepe in ons land sal lei. Dit is tog voor die hand liggend dat die diskriminerende en vernederende wette wat die weg is waarlangs hierdie doel bereik wil word, niks anders bewerk nie as dat die blanke bewindhebbers daarmee besig is om 'n tydbom te bou wat vroeër of later, katastrofaal vir die hele Suid-Afrika, moet bars.

Die uitslag van die Kleurlingverkiesing het aan die lig gebring dat hier ten minste een nie-blanke groep is wat hom nog nie deur die begeestering van 'n nasionalistiese selfbewussyn laat beetneem het nie. En die blanke bewindhebbers moet hulleself afvra of daar maar 'n greintjie wysheid in is om hulle eie eksklusiewe nasionalistiese ideologie op die nie-blanke bevolkingsgroepe van ons land af te dwing en sodoende iets wat nie behoort te bestaan nie en wat miskien nog verhoed kan word, op 'n kunsmatige wyse te forseer.

'n Mens huiwer om daaraan te dink wat die uitslag sou wees as 'n dergelike verkiesing op hierdie tydstip onder al die Bantoe bevolkingsgroepe in ons land sou plaasvind. In nabetragtings oor die Kleurlingverkiesing is daar deur blanke nasionaliste o.m. met voldaanheid verwys na die Transkei, waar die ideologie van aparte nasionalismes deur al hoe meer mense aanvaar word. Hierdie selfde proses word met vertroue voorspel wat die Kleurlingbevolking betref. Daar is ongetwyfeld ook onmiskenbare tekens dat 'n nasionalistiese selfbewussyn nie slegs in die Transkei sterker word nie, maar dat dit besig is om onder die Bantoe in die hele Suid-Afrika te ontwaak. Apartheid is besig om in hierdie opsig 'n fatale sukses te word. Fataal, want — daaroor hoef ons geen twyfel te hê nie — nasionalistiese selfbewussyn onder die Bantoe sal uiteindelik nie uitloop op 'n Suid-Afrikaanse vrederyk waarin nege of tien volke as eksklusiewe nasionaliteite rustig sal saamwoon, elkeen tevrede met wat hy het, elkeen gelukkig onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom nie. Ons beleid van afsonderlike nasionaliteite en identiteite het Suid-Afrika gewis nie immuun gemaak teen die Black Power-beweging wat die nie-blankes oor die wêreld heen wil verenig, aanvuur en besiel nie. Inteendeel, niks kan die grond daarvoor so goed voorberei as juis hierdie beleid nie. Daarby dien juis ook die Afrikaner-nasionalisme en alles wat dit bereik het, vir die nie-blankes as die inspirerendste voorbeeld van die weg waarlangs hulle ook uiteindelik tot volle self-

verwesenliking kan kom. Maar watter blanke sal dit durf waag om die onvermydelike deurwerking van die Black Power-gedagte en 'n nie-blanke magskonsolidasie as 'n opgaande daeraad vir Suid-Afrika te sien?

Die hele apartheidspolitiek getuig van die grootste gebrek aan realisme wat daar maar onder mense denkbaar kan wees. Dit is die politiek van stiksieniges wat deur hulle eie nasionalistiese hartstogte en die obsessie om hulle eie „identiteit" (en al die voordele wat dit inhou) te beskerm, só verblind is dat hulle nie meer kan merk wat hulle besig is om te skep nie. Die keuse van die Kleurlinge tydens hulle onlangse verkiesing, moet gesien word as 'n hand wat voor die blanke bewindhebbers opgehou word om hulle tot halt te roep. Gaan hulle hulle daaraan steur? Of gaan hulle blind en domweg op hulle ingeslane weg volhard? Gaan hulle met hierdie onrealistiese en roekelose politiek volhou totdat hulle Suid-Afrika in die afgrond gaan stort?

In ons opskrif hierbo het ons in verband met die Kleurlinge se keuse gepraat van Christelike politiek. Dit slaan nie slegs op die eise van waarheid en geregtigheid waaraan die politiek te alle tye moet beantwoord nie. Politiek as sodanig is 'n heilige saak. In die politiek, by uitnemendheid, is die mens medewerker van God. Op die politieke leiers rus die verantwoordelikheid om Gods wêreld so in te rig dat dit vir almal bewoonbaar en die lewe vir almal leefbaar sal wees. Politiek mag geen opportunistiese spel wees nie. Dit mag ook geen roekelose geëksperimenteer wees nie. Waar dit wel die geval is, waar realisme en verantwoordelikheid ontbreek, daar kan géén politiek, al is dit, soos apartheid, nog so **„Christelik**-nasionaal", daarop aanspraak maak om Christelik te wees nie. Die koers wat die Kleurlinge laat blyk het dat hulle nie wil gaan nie, is 'n gevaarlike koers — vir almal in Suid-Afrika. Vir blank en nie-blank moet dit op onheil uitloop. Daarom is dit 'n onchristelike koers.

---

**EDITORIAL**

# *The Coloureds' Choice and Christian Politics*

No matter how the outcome of the recent election of the Coloured People's Representative Council be interpreted, only one conclusion can in all honesty be drawn from it. That is that the victory gained at the polls by the Labour Party implies a clear "no" on the part of the Coloured population to the idea that their salvation, and with it the salvation of the whole of South Africa, is to be found in a politics dividing the population of our country into separate and mutually exclusive nationalisms.

Yet one is dumbfounded by the way in which white nationalist political pundits are twisting the facts into saying precisely the opposite of what they obviously signify. Some of these nationalists are even outspokenly holding it against the Labour Party for existing as a party. Since the C.P.R.C. is a creation of apartheid both by virtue of its establishment and the nature of its existence, it is regarded as self-contradictory that there can be a party which rejects the whole idea of apartheid. The anomaly is heightened by the fact that this party has received by far the greatest support from among the Coloured population and then demanded that this should be taken into account in the nomination of the twenty members of the Council by the white government.

Seen from a Christian ethical viewpoint, such an interpretation of the facts is, of course, utterly questionable. In the first place, the denial of the truth is always equal to the lie. Secondly, people who hold their own opinions are thereby denied the right to express this opinion. Thirdly, it reduces to a farce the idea which lies at the root of the emergence of political parties by basing itself on the presupposition that, since the C.P.R.C. emanated from the politics of apartheid, it compels all Coloureds to be pro-apartheid. Coercion of conscience, in whatever form, is not only a violation of the root idea of the democratic party system, but is unchristian in its essence. Do these nationalist political pundits, who also call themselves Christians, really expect our Coloureds to be prepared to pay the price of freedom of concience for the right to vote, whilst this vote which has been given them is calculated permanently to exclude them from a share in the control of the central government our our country? Surely it is bad enough that the white government, with its proviso of itself appointing twenty of the sixty members of the C.R.P.C., has taken the precaution of ensuring that, whatever the Coloureds themselves may feel, **its policy** would be followed by them.

By their attempts at explaining it away and glossing it over, the white nationalists themselves are only giving clearer evidence of their disillusionment at the outcome of this election. Yet the clear choice of the Coloureds is something for which South Africa should be grateful. Instead of interpreting it like the white nationalists would like to interpret it, it would surely be far wiser to pay attention to the serious question thereby posed to South Africa at this juncture by a non-white population group. It is the question whether any good for our country can ever issue from a politics which sets itself the purpose of nurturing a number of exclusive nationalisms inside the same national boundaries. It is surely naive to expect that such a politics will lead to a peaceful co-existence of the various population groups in our country. It is surely quite obvious that the discriminatory and degrading laws with which it is sought to effect this purpose will achieve nothing more than the construction of a time-bomb by the white rulers which must sooner or later, catastrophically for the whole of South Africa, explode.

The outcome of the Coloured election has brought to light that here is one non-white group which has not yet allowed itself to be carried away by the enthusiasm of a nationalistic self-consciousness. And the white rulers must ask themselves whether there is the slightest grain of wisdom in thrusting their own exclusive nationalist ideology

upon the non-white population groups of our country and thus artificially enforcing something which ought not to exist and which can perhaps still be prevented.

One hesitates to think of the outcome if a similar election were to take place at this juncture among all the African population groups in our country. In their reflections upon the Coloured election some white nationalists have referred with satisfaction to the Transkei, where the ideology of separate nationalisms is being accepted by a growing number of people. This same process is confidently being predicted with regard to the Coloured population. There are undoubtedly also unmistakable signs that nationalistic self-consciousness is becoming stronger not only in the Transkei, but that it is busy awakening among the Africans in the whole of South Africa. In this regard, apartheid is busy becoming a fatal success. Fatal, for nationalistic self-consciousness among the Africans will not eventually lead to a South African reign of peace in which nine or ten people will peacefully co-exist as exclusive nationalities, each one satisfied with what it has, each one happy under its vine and under its fig tree. Our policy of separate nationalities and identities has decidedly not made South Africa immune against the Black Power movement which is uniting, inspiring and firing the imaginations of non-whites all over the world. On the contrary, nothing is designed to prepare the way for it so effectively as precisely this policy. What is more, Afrikaner nationalism itself and everything it has ,attained serves as the most inspiring example for the non-whites of the way along which they too can ultimately attain to full self-realisation. But which white man will dare to see the inevitable penetration of the Black Power idea and a non-white consolidation of might as a rising dawn for South Africa?

The whole politics of apartheid gives evidence of the greatest lack of realism imaginative among men. It is the politics of myopics who have been so blinded by their own nationalist passions and their obsession to protect their own "identity" (and all the advantages it entails) that they can no longer observe what they themselves are creating. The choice of the Coloureds during their recent election must be seen as a hand held up before the white rulers, calling them to halt. Are they going to take any notice of it? Or are they blindly and foolishly going to persist in the course they have taken? Are they going to continue with this unrealistic and reckless politics until they push South Africa over the precipice?

In our caption above we have spoken of Christian politics. This does not only refer to the demands of truth and righteousness to which politics has to correspond at all times. Politics as such is a holy matter. In politics, **par excellence,** man is the collaborator with God. The responsibility rests on political leaders so to arrange God's world that it will be inhabitable by all and life be livable for all. Politics dare never be an opportunist game. It dare also never be reckless experimentation. Where this is the case, where realism and responsibility are absent **no** politics even if, like apartheid it be called **"Christian** National", can claim to be Christian. The course which the Coloureds obviously do not prefer is a dangerous course — for everybody in South Africa. It must lead to disaster for both whites and non-whites. Therefore it is an unchristian course.

# 'n Boodskap aan die Kerk in 1937 — of in 1969?

*'n Teologiese professor van die Ned. Geref. Kerk het op 1 Desember 1937 in 'n toespraak wat hy tydens 'n kerklike plegtigheid gehou het, 'n ernstige pleit gevoer vir die ekumeniese beweging van ons tyd. Volgens 'n berig in „Die Kerbode" van 8 Desember 1937, is daar „met grote aandag en soos later betuig, met instemming" daarna geluister. Ons plaas 'n gedeelte van hierdie belangwekkende toespraak hieronder, onveranderd, omdat die aktualiteit daarvan ná byna 32 jaar onveranderd gebly het, selfs miskien groter is as op die tydstip toe dit gehou is. Die naam van die persoon wat die rede gevoer het, noem ons eers aan die einde. Lees asseblief wat hier staan en probeer om vir uself uit te maak wie dit tog kon wees wat reeds in 1937 so 'n klokheldere getuienis kon laat hoor. So ken ons hom immers nog. Maar ken ons die Ned. Geref. Kerk, waarin dit indertyd „met grote aandag en met instemming" aangehoor is, ook nog so? Dit is stellig nie so seker nie.*

# DIE ALGEMENE CHRISTELIKE KERK

**Wat moet ons verhouding wees tot die ekumeniese beweging van ons tyd? 'n Kant-en-klare antwoord wil ek nie uitspreek nie, maar ek wil probeer om die rigting aan te dui waarin ons, na my beskeie mening, behoort te beweeg. Hiertoe sal dit nodig wees om enkele begrippe eers nader te verklaar.**

## WESE VAN DIE KERK

Ons bely in Art. IX van die Apostoliese Geloofsbelydenis: „Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike Kerk". Van hierdie kerk sê ons Heidelbergse Kategismus in vraag en antwoord 54: „Wat glo jy van die heilige, algemene Christelike Kerk? Dat die Seun van God uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe vergader, beskerm en on-

derhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly" Hiermee stem ook ooreen wat ons Nederlandse Geloofsbelydenis in Art. 27 sê: „Ons glo en bely 'n enige, katolieke of algemene Kerk wat 'n heilige vergadering is van almal wat waarlik in Christus glo, wat hulle hele saligheid in Jesus Christus verwag en gewas is deur sy bloed, geheilig en verseël deur die Heilige Gees." Hieruit blyk dat volgens ons belydenis die wese van die kerk bestaan uit almal wat in Christus glo; waar daar 'n vergadering van ware gelowiges is, daar is die kerk. Protestante is dit in hierdie opsig eens; selfs Luther, wat die wese van die kerk gesoek het in die suiwere verkondiging van die Woord, het tog in werklikheid nie hierdie opvatting verwerp nie, want hy het daarby gevoeg dat Gods Woord nooit sonder Gods volk sal wees nie. Die ware wese van die kerk word dus gevind in die gelowiges van alle tye en geslagte, tale en rasse, in hemel en op aarde, die groot gemeenskap van die heiliges wat in Christus Jesus hul enigste Saligmaker vind. In hierdie sin spreek ons van die onsigbare kerk wat geestelik is en saak van geloof; maar daaruit moet allermins afgelei word dat die sigbare kerk uit iets anders sou bestaan. Inteendeel, die sigbare kerk vir sover dit Christelik is, kan alleen die openbaring wees van die geestelike, onsigbare werklikheid. Dis waar, die praktyk laat ons dikwels iets anders sien, maar dit neem nie weg nie dat die wese van die kerk bepaal word nie deur die ongelowiges, skynheiliges en hipokriete wat in die kerk is nie, maar deur dié wat waarlik in Christus glo. Die vermenging van gelowiges en ongelowiges in die empiriese verskyning van die kerk sal in die teenswoordige sondige bedeling bly voortduur; daarvan spreek onse Heiland in die gelykenisse van die onkruid onder die koring en die slegte visse in die net. Die skeiding kan alleen plaasvind by die voleinding. Ten spyte egter van dié vermenging is daar tog ook waaragtige, geestelike lewe wat tot openbaring kom en dit is dié wat die wese ook van die sigbare kerk bepaal. Alles wat daarmee in stryd is, is geen kerk nie, maar skynkerk, valse kerk.

## EENHEID

Die vraag is nou, hoe moet ons die geestelike eenheid wat in Christus onder alle gelowiges bestaan, ook tot uiterlike verwesenliking bring? Daar is sommige wat meen dat wanneer ons maar die eenheid van die kerk bely as saak van geloof, ons dit dan tot die skimmeryk kan verwys as iets wat wel tot ideaal dien, maar wat nooit die rustige gang van ons aardse lewe moet kom versteur nie. En as 'n mens soms die skrille teenstelling tussen hierdie artikel van ons algemene, ongetwyfelde, Christelike geloof en die werklikheid waarneem, dan verwonder jy jou nie daaroor dat iemand ironies verklaar het dat ons verplig sal wees om die artikel só te amendeer: Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike Kerk, maar ek is jammer dit bestaan nie! U sien die strekking — wat sou ons sê van iemand wat bely: ek glo aan 'n ewige lewe, maar ek is jammer dit bestaan nie! Die feit was ons moet besef, is dat die eenheid van die Christelike Kerk nie iets is wat geskep of bewerk moet word nie; dit bestaan reeds en dit moet alleen tot uitdrukking kom. Die vraag na die vorm wat dié uitdrukking moet aanneem, stel ook meteens die probleem waarvoor die ekumeniese beweging van alle tye staan. Laat ons nie smalend spreek van die verskillende, dikwels mislukte poginge wat aangewend is om hierdie essensiële eis van die Christendom te vervul nie, want eis bly dit, hoe vergeefs die poginge ook mag gewees het en hoe onoorkomelik die moeilikhede ook mag skyn. Die sigbare kerk moet almeer in ooreenstemming met sy onsigbare argetipe hervorm word, moet al suiwerder openbaring wees van die onsigbare werklikheid. Die verdeeldheid wat daar op Protestantse bodem bestaan, bly 'n aanklag teen ons, 'n sonde wat nie goed te praat is met mooi woorde soos pluriformiteit nie.

## VERSKEIDENHEID

Daar is twee moontlike weë in hierdie verband. Ten eerste kan dit betoog word dat die onsigbare kerk sy volkome verwesenliking vind in een enkele kerkformasie en dat alles wat daarbuite val, buite die kerk is en derhalwe ook buite die saligheid. Dit is die oplossing van die Roomse Kerk en van die meeste sektes en sektaries-gesindes in alle kerke. Hierdie oplossing hoef ons nie op te hou nie; dit is te maklik en dit stry met die feite. Die ander moontlikheid is dat ons uitgaan van die standpunt dat die een kerk sy uitdrukking vind in die talryke, byna ontelbare kerke en sektes en Christene wat buite alle verband staan, 'n bonte verskeidenheid met baie meer kleure as die rok van Josef uit ons ou Statevertaling, wat sy eenheid dan nie in eenvormigheid maar juis in die verskeidenheid vind. Daarby word gewoonlik ook die op sigself baie juiste opmerking gemaak dat alle ware skoonheid bestaan uit identiteit te midde van verskeidenheid. Die moeilikheid hier is egter dat die ondervinding ons wel veel van die verskeidenheid laat sien, maar so weinig van die eenheid. Ons glo aan 'n algemene Christelike Kerk, maar ons sien verdeelde, verskeurde, mekaar benydende en bestrydende kerke wat selfs in hierdie haglike tye mekaar nie kan vind nie. Verskeidenheid is wel noodsaaklik om die eenheid nie te laat ontaard in dooie eenvormigheid nie, maar dan moet die verskeidenheid nie tot teëstellings opgevoer word nie. Daar moet egter 'n weg wees om die eenheid tot uitdrukking te bring. *Hoe* dit tot stand gebring moet word, is die probleem waarvoor ons staan.

## LEER EN LEWE

Ons verwerp al dadelik die rigting wat meen dat as alle leerstellige vraagstukke uitgeskakel word, die eenheid dadelik bereik sal word op grond van gemeenskaplike sedelike doeleindes wat ons kan nastrewe. Laat ons die Christelike *lewe* bevorder, sê hulle, en al die spekulasies aangaande die leer laat rus. So alleen sal ons 'n gemeenskaplike taak kan aanpak en volbring. Hulle vergeet egter dat op die gebied van die sedelike eise van die Christendom daar ook groot verskil kan bestaan, verskille wat saamhang met die leerstellige ondergrond daarvan. Dit is wonderlik hoe moeilik dit vir sommige mense is om te verstaan dat leer en lewe nou eenmaal nie van mekaar geskei kan word nie. As niks anders ons daarvan oortuig nie, dan behoort die opkoms van Bolsjewisme en Fascisme vir die mens van die twintigste eeu dit tog begryplik te maak. Wat sou hierdie magte beteken het sonder hul filosofies-leerstellige (of moet ons sê godsdienstig-leerstellige) ondergrond? By name is die Christelike lewe ondenkbaar sonder 'n leer, want die Christendom is evangelie, is die blye boodskap van Gods genadige ontferming in Christus Jesus, en 'n boodskap moet geformuleer word. Word daarop geantwoord: goed, maar laat ons die boodskap in sy eenvoudigheid verkondig soos dit in die Skrif voorkom en alle dogmatiese besinning daaroor vermy, dan is my wederantwoord: Sodra die boodskap tot ons kom, gaan dit deur ons verstand en ons hart en spreek ons uit hoe ons die boodskap verstaan. Dit is ons belydenis en vandaar die verskille, al gaan ons almal terug na een en dieselfde Skrif. In

een woord, ons kan nie anders nie; ons is so gemaak. Maar nou is dit 'n feit wat nie vergeet moet word nie, dat geen enkele kerk daar aanspraak op kan maak dat hy 'n volmaakte weergawe van die Skrif in sy konfessie besit nie; hulle kan alleen spreek van meer of minder suiwerheid in die verklaring wat hulle daarvan gee. En net soos 'n Christelike Kerk in sy lewe vele gebreke en sondes kan hê en tog nog Christelik kan wees (vgl. Paulus se briewe aan die gemeente van Korinthe) so kan dit ook in sy belydenis gebreke en selfs foute hê en tog nog Christelik wees. In alle geval is dit nie moontlik om te bepaal net hoeveel wel en hoeveel nie suiwer moet wees in sy belydenis om die aanspraak van 'n kerk op Christelikheid te regverdig nie. Dit is met die kerk gesteld soos met die enkele gelowige. Op die vraag, hoeveel 'n mens moet weet om salig te kan word, het Rome met sy bekende leer van die *fides implicita* geantwoord: ten minste twee dinge — dat God is en dat Hy 'n beloner is van dié wat na Hom soek. Daarin word dan implisiet begrepe die ganse inhoud van wat die kerk leer omtrent die weg van saligheid. Die Reformasie egter het hierdie kwantitatiewe, intellektuele berekening verwerp en in die plek daarvan gestel 'n kwalitatiewe, persoonlike verhouding. Die saligheid van die gelowige hang nie af van hoeveel hy weet nie, maar van sy verhouding tot God in Christus Jesus. En hier is dit eenvoudig onmoontlik om kwantitatiewe berekenings te maak — dit verskil ook in die afsonderlike gevalle so wyd as die enkele persone van mekaar verskil. Nie dat die kennis, ook na sy intellektuele kant, nie van die grootste belang is nie. Vir die normale mens altans is dit die weg waarlangs hy tot geloofsvertroue kom; ons geloof is nie 'n blinde geloof nie, maar rus op 'n sekere, ontwyfelbare kennis. Insonderheid vir die kerk is die belydenis noodsaaklik, omdat die verwaarlosing daarvan so maklik kan lei tot valse leer en gevolglik tot valse lewe. Alleen moet ons beklemtoon dat die *wese* van die kerk nie geleë is in die suiwerheid van sy belydenis nie, maar in die feit dat dit 'n vergadering is van ware gelowiges.

## MINIMUM-GRONDSLAG

Dieselfde vraag wat in die Reformasie-tyd opgekom het ten opsigte van die minimum van kennis wat die enkele gelowige moet besit, onstaan nou weer ten opsigte van die ekumeniese kerk in hierdie vorm: wat is die minimum wat in die leerstellige grondslag vereis word vir Christelike kerke om met mekaar te verenig in hul gemeenskaplike taak? Moet dit nie ten minste die fundamentele waarhede van die Christendom wees nie? Maar die vraag is juis: wat is die fundamentele waarhede van die Christendom? Wat vir die een fundamenteel is, kan vir die ander van bykomstige aard wees. Goed besien, is alle waarhede van die Christendom fundamenteel; die onderskeiding wat ons maak, hang eenvoudig saam met die mate van insig wat ons in dié waarhede verkry het. Dat daar weinig sal bereik word deur die vasstelling van 'n minimum as voorwaarde vir samewerking, bewys die ontwikkelinge op kerklike gebied, insonderheid op gereformeerde bodem. Want dit is die bedroewende feit wat ons moet konstateer dat daar op gereformeerde erf almeer verbrokkeling en versplintering intree. Ek wys u slegs op die skeiding wat tot tweemaal toe binne enkele jare in die Presbiteriaanse Kerk van die Verenigde State plaasgevind het; op die afsydigheid van alle Christelike bewegings wat nie van onverdagte gereformeerde karakter is nie, hoewel daar ook stemme opgaan om teen dié isolasie te waarsku. Ek verwys u na dr. H. H. Kuyper se woorde (*Heraut*, 12 September 1937): „Metterdaad, we loopen gevaar als Gereformeerden te veel ons op te sluiten in ons eigen huis en te weinig rekening te houden met hetgeen in de wereld om ons heen ook op kerkelijk gebied zich afspeelt"; en dié van dr. G. Keizer *(De Bazuin)* na aanleiding van Oxford en Edinburgh: „En die driehonderdvijftig afgevaardigden uit honderdacht verschillende kerkgemeenschappen zijn ook onze naasten! Indien Kalvijn zich zoo afzijdig had gehouden van de anderen in zijn dagen, nooit zou het Kalvinisme die invloed hebben verworven die het eerst ná hem verwierf". M.i. sal dit altyd gebeur wanneer 'n gereformeerde minimum gestel word as voorwaarde vir nouer aansluiting. Want dan sal daar selfs skeiding kom oor die vraag wat gereformeerd is of nie, getuie die onverkwiklike stryd tussen broeders van dieselfde huis rondom die Internasionale Kalvinistiese Kongres in Amsterdam enige jare gelede.

## GRENSE

Miskien sal dit reeds vir u duidelik geword het wat die rigting is waarin ons, na my beskeie mening, moet beweeg. Daar staan geskrywe: „Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het", en kragtens hierdie band van eenheid sal die wêreld ook sien en glo dat Jesus die Here is. Daar moet dus in die eerste plek die goeie wil wees om mekaar te verstaan en te waardeer. Ongetwyfeld tog is daar 'n baie breë gemeenskaplike terrein (ook leerstellig) waarop ons mekaar kan ontmoet sonder om die dinge te beklemtoon wat ons van mekaar skei. Vandaar uit kan dan voortgewerk en voortgebou word. Klaarblyklik lê die konfessionele vraag dus nie soseer aan die begin as aan die end van die weg wat die ekumeniese kerk moet bewandel; dit moet nie as voorwaarde nie maar as doel van sy arbeid gestel word. Daar moet 'n getuienis ook van die kerk as geheel uitgaan en die inhoud van daardie getuienis is deel van die taak wat hy moet volbring. Hierom moet gebid en gewerk word totdat God op sy tyd en op sy wyse die volkome uiterlike eenheid tot stand bring. Want net soos alle gawes van God ontvang word, moet ons na dié eenheid strewe, daarom bid, daarop wag. Begryp my goed, ek pleit nie vir die vervaging of vervlakking of uitwissing van alle verskille nie, maar ek pleit vir verdraagsaamheid, vir liefde tussen die lede van die een liggaam van Christus; en dit is as ek my nie heeltemal bedrieg nie, ook die standpunt van die ekumenese beweging van ons tyd. Elke kerk behou en waardeer sy eie belydenis, arbei selfs tot verryking daarvan en bring die vrug van sy arbeid ten dienste van die kerk as geheel. As Paulus skrywe: „Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus", dan wil hy seker nie te kenne gee dat al hierdie verskille uitgewis is nie. Wat hy wel sê, is, dat dié verskille geen beletsel moet wees vir die eenheid wat daar in Christus Jesus moet wees nie. Daarom, geen uitwissing van grense nie, maar ook geen optrekking van mure wat die een van die ander volkome afsluit nie. Vir interkerklike samewerking moet ons iets hê om by te dra — dit is ons eie; maar om te kan bydra, moet ons die aanraking met ander soek anders bly hulle altyd onkundig omtrent wat ons het en ons omtrent wat hulle het. Laat ons veral ons wag om elke beweging tot interkerklikheid met argwaan te bejeën en te spreek asof so iets sonde is wat ons teen ons eie kerk pleeg. Dit het onder ons mode geword om elke teken van interkerklike same-

werking te probeer smoor met die lelike, grammatikaal onjuiste term „interkerkisme" wat eintlik 'n *contradictio in terminis is.* Want waar „kerkisme" bestaan word die *„inter"* volkome uitgesluit, en dit is juis hierdie *kerkisme* waarvoor ons op ons hoede moet wees. Laat ons nie vergeet nie, dit is deel van ons kerklike belydenis wat ons elke Sondag uitspreek: Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike Kerk, die gemeenskap van die heiliges.

### SEKTARISME

As iemand miskien nou onder die indruk gekom het dat met hierdie uiteensetting weinig waardering vir en liefde tot ons eie Ned. Geref. Kerk aan die dag gelê word, dan is ons antwoord: dit is juis omdat ons die ryke en heerlike gawes dankbaar op prys stel, wat God aan ons kerk sowel op die gebied van die lewenspraktyk as op die gebied van die leer in sy skone gereformeerde erfenis geskenk het, dat ons op hierdie deel van sy roeping met alle erns die nadruk lê. Want die gevaar is nie denkbeeldig nie dat in hierdie land waar God ons kerk geplant het en waar dit in die verlede soveel heilsame vrugte gelewer het, dit nou die weg van die afgeskeie sektarisme gaan bewandel; dat dit uit vrees of wat ook al sy roeping nie wil aanvaar om tot seën te wees vir die hele kerklike en volkslewe nie, maar hom gaan afsluit in sy eie kring, selfgenoegsaam en selftevrede, terwyl hy vergeet dat wie sy lewe wil behou, dit sal verloor. Die houding van wat ek sou wil noem goedwillige neutraliteit wat deur ons kerk teenoor die Christenraad van Suid-Afrika ingeneem word, strek hom nie tot eer nie en maak dat sy invloed al meer gaan verminder in ons vaderland en in die groot wêreld daarbuite. Maar dit is nie die vernaamste rede waarom ons so spreek nie. Die groter of kleiner invloed wat 'n kerk uitoefen, kan nooit die kragtigste beweegrede vorm van sy optrede nie. Die motief lê baie dieper. Dit is nl. dat so 'n houding in stryd is met die waarheid wat ons bely. Dit is in stryd met die Christendom wat nie 'n saak is van bloed of bodem, ras of kleur nie; die Christendom is wêreldwyd in sy omvang. „So lief het God *die wêreld* gehad". Dit is by name in stryd met die gereformeerde Christendom wat hom nooit in 'n hoekie met 'n boekie opgesluit het nie, maar van die begin af internasionaal en interkerklik opgetree het. En as daar ooit 'n tyd was dat die Christendom 'n eenheidsfront moet vertoon, dan is dit stellig nou. In die woorde van Adolf Keller is dit vir die Christendom van Midde-Europa (nie alleen nie, maar van die hele wêreld) „vyf minute voor middernag". Ons kan ons nie losmaak van daardie deel van Christus se liggaam nie; wat daar gebeur, gaan ons almal aan. Dit word hoog tyd, het iemand verklaar, dat die Christelike kerke in een kamp kom — dit kan wees 'n konsentrasiekamp!

*(Rede uitgespreek deur prof. B. B. Keet by die sluitingsplegtigheid van die Teologiese Kweekskool te Stellenbosch op Woensdag, 1 Desember 1937).*

# Traditionalism and adaptation in Israel

**DAVID PERK**

**There can be few places in the world that evoke the degree of curiosity about the place religion occupies in a community as Israel does, for religion has been so much part of Israel's past that it is difficult to think of a purely secular Israel.**

The diaspora is still inclined to regard Israel as a national entity upholding and transmitting ancient Israel's spiritual heritage, even knowing that the individual there is free to respect it or not, as he may wish.

At a time when Israel is facing threats to its very existence, it may seem inopportune to discuss the influence of religion on its way of life. The sacrifices in life, energy and material the present war of attrition exacts imposes a strain on her that would break a nation having as little of these things to sacrifice, without her strength of mind and will to survive. Her daily life goes on, however, and at the same time she is bending her resources to survive she is engaged on a programme of nation-building that conveys Israel's meaning and message to the world.

### COMMON REVERENCE

Formal religion is as irrelevant to the majority of Israel's citizen's as it is to most people in other countries. Israel, however, is one of the few countries in today's world that has a party representing its religious elements both in its parliament and cabinet, and, as a consequence, legislation never reaches the statute book before the religious standpoint has been considered, even if it is not always accepted. And when legislation gives effect to it, it may not have the support of the mass of the people.

What then is the value of a way of life that to the extent that it is shaped by religious traditionalism has not necessarily the consent of the majority of people? The strange, and perhaps not so strange, situation in Israel is, that the attitudes to formal religion mostly belong to the extremes of the ultra-orthodox and the irreligious. The gulf between them is bridged, however, by a common reverence for the ancient historic and religious origins of Israel, and for the monuments that remain to this day as an undying record of their past glory and influence.

That the religious person daily pays homage to the spirit of the past in his prayers and in his religious way of life may appear to distinguish him from the irreligious. But deep in the soul of the Israeli, whether religious or not, stirs a feeling for the past that is not only revealed in reverence for its history and monuments, but which comes to expression in times of national crisis and jubilation in a manner that can only be described as religious.

No one who witnessed the scenes at the Western Wall, when East Jerusalem fell to Israel, could doubt that the wordless emotion displayed there by the so-called irreligious sprang from, and expressed, the same sense of religious awe and submission as was conveyed in the prayers of the religious.

